BEELD NAWEEK
Saturday, 10 January 2009, p. 7

2 in casino vas wat glo geld steel, kar vat

Gloria Edwards

Twee hawelose mans is gister by die Emperors Palace-casino aan die Oos-Rand vasgetrek terwyl hulle besig was om met geld te dobbel wat hulle glo vroeër die dag in Pretoria geroof het.

Die gewapende mans het glo 'n Toyota Corolla in Bosmanstraat, Pretoria, gekaap, maar nie hul slagoffer se selfoon gesteel nie en hy kon toe die Matrix-opspoorstelsel in sy motor aktiveer.

Me. Hannelie Snow, kommunikasiebeampte van Matrix, het gesê hulle het die onbeskadigde motor in die parkeerterrein van Emperors Palace in Kempton Park opgespoor en die polisie in kennis gestel.

"Die verdagtes is toe in die casino opgespoor waar hulle gesit en dobbel het en is deur die polisie in hegtenis geneem. 'n Groot bedrag is in die voertuig, asook in die verdagtes se besit, gevind. Daar word vermoed dat hulle die geld by 'n kitsbank uit die Corolla-eienaar se bankrekening getrek het," het Snow gesê.

Kapt. Jethro Mtshali, Kempton Park-polisiewoordvoerder, het gesê die verdagtes, albei in hul laat 20's, verskyn na verwagting Maandag in dié dorp se landdroshof op aanklagte van kaping en gewapende roof.

'Cholera' by workers raak Eskom-projek